



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## NOVEMBER 2009

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 'n 2 bladsy-antwoordblad.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

| AFDELINGS | PUNTE | TYD MINUTE |
|---|---|---|
| A. Kortvrae | 40 | 20 |
| B. Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| C. Kleding | 40 | 40 |
| D. Behuising en Sagte Meublement | 40 | 40 |
| E. Teorie van die Praktiese Opsie | 40 | 40 |

2. AL die afdelings is verpligtend.

3. Beantwoord AFDELING A op die aangehegte ANTWOORDBLAD en plaas dit AGTER in jou ANTWOORDEBOEK.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. 'n Sakrekenaar mag gebruik word.

7. Skryf slegs met swart of blou ink.

8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.15) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord gemaak word nie.

Gebruik die onderstaande tabel om VRAAG 1.1.1 tot 1.1.3 te beantwoord.

| INKOMSTE-GROEP | BELASBARE INKOMSTE | BELASTINGKOERS |
|---|---|---|
| **Groep A** | 0 – 122 000 | 18% van elke R1 |
| **Groep B** | 122 001 – 195 000 | R21 960 + 25% van die bedrag bo R122 000 |
| **Groep C** | 195 001 – 270 000 | R40 210 + 30% van die bedrag bo R195 000 |
| **Groep D** | 270 001 – 380 000 | R62 710 + 35% van die bedrag bo R270 001 |
| **Groep E** | 380 001 – 490 000 | R101 210 + 38% van die bedrag bo R380 000 |
| **Groep F** | 490 001 en meer | R143 010 + 40% van die bedrag bo R490 000 |

(2008/2009 © www.oldmutual.co.za)

1.1.1 Sipho verdien R169 025 per jaar en val in die inkomstegroep …

A Groep D.
B Groep C.
C Groep B.
D Groep A. (1)

1.1.2 Die inkomstebelasting wat van R270 000 afgetrek word, is …

A R81 523.
B R52 273.
C R40 210.
D R62 710. (2)

1.1.3 Sipho het sy werk verloor, maar ontvang steeds inkomstebelastingvorms. Hoeveel belasting moet hy betaal?

A 0%
B 25% van elke R1
C 35% van elke R1
D 18% van elke R1 (1)

1.1.4 Die persentasie verhoging in die prys van goedere en dienste staan bekend as …

A belasting op toegevoegde waarde.
B die inflasiekoers.
C die lopendebetaalstelsel.
D die rentekoers. (1)

1.1.5 Die verandering gemeet in die gemiddelde koste van goedere aangekoop vir 'n spesifieke huishouding, is die ...

A tydwaarde van geld (TWG).
B nuwe inkomstebelastingstelsel (NIBS).
C nasionale kredietbeheer (NKB).
D verbruikersprysindeks (VPI). (1)

1.1.6 Boedelbelasting is 'n tipe belasting wat betaal word …

A nadat iemand gesterf het.
B op inkomste bo R60 000.
C op verbruikersgoedere.
D nadat 'n huis verkoop is. (1)

1.1.7 Saamgestelde rente is …

A finansiële winste verkry uit aandele.
B rente verkry op meer as een spaarrekening.
C geld verkry uit kapitale beleggings.
D rente bereken op die oorspronklike bedrag plus die rente wat verdien is. (1)

1.1.8 Kies die korrekte kombinasie voedselsoorte uit die onderstaande lys wat die meeste vesel sal verskaf.

1. Volgraansemels
2. Plaatkoekies
3. Graanvlokkies
4. Witrys
5. Hawermoutpap

A 1 en 4
B 1 en 5
C 2 en 3
D 4 en 5 (2)

1.1.9 Misleidende stellings op voedseletikette kan aanleiding gee tot …

A gesonde diëte.
B hoë voedselpryse.
C gesondheidsgevare.
D gewigsverlies. (1)

1.1.10 Watter energiestafie sal die korrekte keuse vir 'n anemielyer wees?

| | |
|---|---|
| **Energiestafie 1** | |
| Energie | 2 110 kJ |
| Proteïen | 5,2 g |
| Koolhidrate | 57,1 g |
| Versadigde vette | 13,1 g |
| **Energiestafie 2** | |
| Energie | 1 007 kJ |
| Proteïen | 3,7 g |
| Natrium | 133 mg |
| Dieetvesel | 1,7 g |
| **Energiestafie 3** | |
| Energie | 1 704 kJ |
| Proteïen | 11,73 g |
| Yster | 1,40 mg |
| Sink | 1,50 mg |
| **Energiestafie 4** | |
| Energie | 321,9 kJ |
| Proteïen | 7,6 g |
| Magnesium | 10 mg |
| Vitamien E | 13 mg |

A Energiestafie 1
B Energiestafie 2
C Energiestafie 3
D Energiestafie 4 (1)

1.1.11 Watter energiestafie, in VRAAG 1.1.10, sal die grootste negatiewe effek op 'n diabeteslyer hê?

A Energiestafie 1
B Energiestafie 2
C Energiestafie 3
D Energiestafie 4 (1)

1.1.12 Kies die korrekte kombinasie stellings wat betrekking het op die beheer van MIV/Vigs.

1. Eet meer gereeld kleiner maaltye.
2. Eet drie groot maaltye per dag en peusel meer dikwels.
3. Eet meer vrugte en groente om die immuunstelsel op te bou.
4. Vermy alkoholgebruik en doen minder oefening.
5. Neem meer vleis en peulgroente in om die proteïeninname te verhoog.
6. Eet meer voedselsoorte wat sout en suiker bevat.

A 1, 4 en 5
B 2, 4 en 3
C 2, 3 en 6
D 1, 3 en 5 (3)

1.1.13 Kies uit die onderstaande lys DRIE stellings wat 'n uitrusting geskik maak vir 'n werksonderhoud.

1. Dra klere wat jou sal laat uitstaan.
2. Dra klere wat jou persoonlikheid weerspieël.
3. Dra klere sonder 'n maatskappy se logo daarop.
4. Dra klere wat die skoonheid van jou liggaam sal onthul.
5. Dra klere wat 'n positiewe beeld van die maatskappy sal skep.

A 1, 2 en 4
B 2, 3 en 5
C 3, 4 en 5
D 1, 2 en 3 (3)

1.1.14 Kies die korrekte kombinasie faktore wat modeverandering sal bevorder.

1. Gebruike en godsdienste
2. Gedrukte en elektroniese media
3. Ekonomiese groei
4. Nuwe tegnologie in tekstielvervaardiging
5. Staatswetgewing
6. Ekonomiese resessie

A 2, 3 en 4
B 1, 5 en 6
C 2, 4 en 5
D 1, 3 en 6 (3)

1.1.15 Watter kombinasie van stellings is WAAR van 'n gesin wat vir die eerste maal 'n huis koop?

1. Die huis moet op die hoofpad geleë wees.
2. Die gesin moet 'n goeie regspan hê.
3. Elektrisiteit en water moet teen 'n redelike prys beskikbaar wees.
4. Beide die man en die vrou moet werk.
5. Dit moet naby skole geleë wees.
6. Die mure van die huis moet met siersteen gebou wees.

A 1, 3 en 4
B 2, 5 en 6
C 2, 3 en 5
D 1, 4 en 6 (3)

**[25]**

1.2 Beantwoord die volgende vrae:

1.2.1 Kies uit die lys DRIE voordele van die gebruik van die gloeilampie hieronder. Maak 'n kruisie (X) oor die letters (A – F) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.



A Slegs in wit beskikbaar
B Duur, maar hou langer
C Duursaam en bespaar energie
D Lig is helderder en nie te skerp nie
E Bio-afbreekbaar
F Goedkoper en gebruikersvriendelik (3)

1.2.2 Bestudeer die onderstaande voedseletiket.




Kies uit die stellings TWEE redes waarom hierdie produk deur die Hart- en Beroertestigting en KANSA aanbeveel word. Maak 'n kruisie (X) oor die letters (A – D) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

A Bevat anti-oksidante
B Verskaf minerale en vitamiene
C Natuurlik kafeïenvry
D Goedkoop, dog smaaklik (2)

1.3 Pas die gesondheidstoestande in KOLOM A by die vereistes in KOLOM B en die dieetvereistes in KOLOM C. Skryf slegs die letter (A – F) en die Romeinse syfer (i – vi) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer, byvoorbeeld 1.3.6 A (i).

| | **KOLOM A** Gesondheids-toestand | **KOLOM B** Vereiste om die gesondheidstoestand te beheer | **KOLOM C** Dieetvereiste |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | MIV/Vigs | A gereelde nutriënt-inname om die immuunstelsel beter te laat funksioneer | (i) insulien |
| 1.3.2 | Diabetes | B gereelde, klein maaltye wat laag is in vet en suiker, maar veselryk is | (ii) laktase |
| 1.3.3 | Gluten-intoleransie | C bestudeer voedseletikette, vermy/vervang suiwelprodukte | (iii) vars vrugte en groente |
| 1.3.4 | Laktose-intoleransie | D sluit suiwelprodukte en water in | (iv) fluoried en kalsium |
| 1.3.5 | Anemie | E gereelde nutriënt-inname om rooibloedselle te vervang | (v) yster |
| | | F vermy die inname van koring en gort. | (vi) proteïen |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

### VRAAG 2

2.1

Voedselprodukte met 'n GI-simbool se akkurate GI-waarde word in die voedingkundige inligtingsetiket aangedui.

2.1.1 Definieer die term *glukemiese indeks*. (3)

2.1.2 Noem VIER voordele wat die inname van hoofsaaklik lae GI-voedsel inhou. (4)

2.1.3 Noem DRIE gevolge as slegs voedsel met 'n hoë glukemiese indeks geëet word. (3)

2.1.4 Maak VIER voorstelle vir die handhawing van 'n gesonde, lae GI-dieet. (4)

2.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| | LYS VAN VOEDSEL | WAARDE | VOEDSEL-GI |
|---|---|---|---|
| A | Onversoete volgraanmuffin | Medium | 62 |
| B | Oliebol ("Doughnut") | Hoog | 76 |
| C | Skyfies | Hoog | 75 |
| D | Wafelbeskuitjies | Hoog | 77 |
| E | Springmielies | Medium | 55 |

[© Glukemiese Indeks Voedseltabel]

2.2.1 Kies TWEE versnaperings uit die bostaande lys wat kan help om diabetes te beheer. (2)

2.2.2 Motiveer die keuse van die twee snoepitems in VRAAG 2.2.1. (2)

2.3 Gee DRIE redes waarom dit belangrik is om suiwelprodukte in die dieet van 'n persoon wat aan osteoporose ly, in te sluit. (3 x 2) (6)

2.4 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**VOEDSELSEKURITEIT**

Voedselpryse en voedselsekuriteit het belangrike globale en nasionale debatteringspunte geword, as gevolg van hul verband met armoede en verwaarlosing. Gesinne met genoeg geld om uiterste armoede vry te spring, ly selde honger, terwyl arm gesinne nie net chronies honger ly nie, maar ook die deel van die bevolking is wat die meeste geraak word tydens voedseltekorte en hongersnood.

'n Debat in die Parlement het 'n aantal opsies om die stygende voedselpryse in Suid-Afrika te hanteer, beklemtoon. Alhoewel opsies soos verhoogde maatskaplike toelaes, prysbeheer, voedselkoepons, hoër minimum lone en addisionele BTW-vrystellings voorgestel is, het die Minister van Finansies kitsoplossings teëgestaan.

[Aangepaste artikel uit *Business Times*, 8 Mei 2008]

2.4.1 Verduidelik wat jy verstaan onder *voedselsekuriteit* met verwysing na bogenoemde uittreksel. (2)

2.4.2 Noem VIER verantwoordelikhede van 'n regering om voedselsekuriteit te verseker. (4)

2.5 Bespreek die gesondheidsverwante risiko's wat hieronder geïllustreer word.




(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: KLEDING

### VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande scenario. Bestudeer die illustrasie en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Boysee is 'n verkoopsverteenwoordiger vir 'n bekende maatskappy. Hy voel hy het nie genoeg klere vir die winter nie en beplan om sy klerekas aan te vul. Die grys, suiwer wol driestuk hieronder word by die nabygeleë "Hy en Sy Boetiek" teen halfprys by die winter-uitverkoping geadverteer (NOU R699,00). Hierdie boetiek spesialiseer in plaaslik vervaardigde klere van natuurlike vesels omdat hulle die omgewing vir hul nageslag wil bewaar. Alhoewel Boysee bekende handelsmerke verkies, besluit hy om die geadverteerde uitrusting, hieronder geïllustreer, te koop. |



3.1.1 Onderskei tussen *klassieke style* en *modegrille/modegiere*. (2)

3.1.2 "Dit is noodsaaklik om professioneel geklee te wees vir die werksomgewing."

Bespreek die geskiktheid van die uitrusting wat Boysee gekies het, aan die hand van die bogenoemde stelling. (6)

3.1.3 Waarom het Boysee sy klere by "Hy en Sy Boetiek" gekoop? Gee SES redes. (6)

3.2 Verduidelik hoe die vervaardiging van sintetiese tekstielvesels 'n beduidende negatiewe invloed op die natuurlike omgewing kan hê. (3 x 2) (6)

3.3 Met die inflasiekoers wat gedurig verander, vind jong volwassenes dit moeilik om binne die grense van hul begroting te bly wanneer hulle klere en bykomstighede vir die werksomgewing koop.

3.3.1 Verduidelik die volgende terme:

(a) Inflasiekoers (2)

(b) Verbruikersprysindeks (2)

3.3.2 Kies VYF riglyne uit die onderstaande lys en motiveer hoe ELK 'n jong volwassene kan help om binne die grense van sy/haar persoonlike begroting te bly.

(a) Koop kwaliteititems
(b) Betaal kontant vir aankope
(c) Koop by fabriekswinkels en supermarkte
(d) Doen alleen inkopies
(e) Koop by seisoenale uitverkopings
(f) Soek na winskopies
(g) Koop meng-en-pas-items
(h) Lees die versorgingsetikette (5 x 2) (10)

3.4 "Kleding is 'n stom, maar kragtige kommunikasiemiddel."

Dink na oor hierdie stelling en motiveer hoe EEN van die volgende jou opinie oor die stelling sal staaf met betrekking tot die keuse van klere vir die werksomgewing.

3.4.1 Eiewaarde (Selfagting)

OF

3.4.2 Leefstyl (3 x 2) (6)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: BEHUISING EN SAGTE MEUBLEMENT

### VRAAG 4

4.1 Wat is 'n *verbandlening*? (2)

4.2 Vergelyk voltiteleiendomsreg met deeltiteleiendomsreg met betrekking tot die volgende:

4.2.1 Privaatheid (2)

4.2.2 Sekuriteit (2)

4.3 Identifiseer en verduidelik TWEE tipes versekering wat 'n huiseienaar kan uitneem om die huis en die inhoud daarvan te beskerm. (2 x 3) (6)

4.4 'n Afbetalingskooptransaksie is 'n opsie wanneer huishoudelike apparaat aangekoop word.

4.4.1 Verduidelik wat 'n *afbetalingskooptransaksie* is. (2)

4.4.2 Noem VIER voordele wat die koop van 'n wasmasjien deur middel van 'n afbetalingskooptransaksie inhou. (4)

4.5 Beantwoord die volgende vrae:

4.5.1 Verwys na die onderstaande illustrasies en die tabel op die volgende bladsy om die beste wasmasjien ten opsigte van die volgende te kies:

(a) Kostedoeltreffendheid
(b) Energiedoeltreffendheid



FIGUUR 1: Sharp bolaaiwasmasjien



FIGUUR 2: Siemens bolaaiwasmasjien

| Masjienbeskrywing | SHARP BOLAAIER | SIEMENS BOLAAIER |
|---|---|---|
| **Wasvrag (kg)** | 5,0 – 7,0 kg | 8 kg |
| **Tipe wasmasjien** | Semi-outomaties | Ten volle outomaties |
| **Kontroletipe** | Mikroprosesseerder | Mikroprosesseerder |
| **Aantal programme** | **8** | **4** |
| **Voorwas (Week)** | ✓ | ✓ |
| **Warmwaterwas** | **X** | ✓ |
| **Swaar was** | ✓ | ✓ |
| **Normale was** | ✓ | ✓ |
| **Delikate was** | ✓ | ✓ |
| **Vinnige was** | ✓ | ✓ |
| **Automatiese waterbeheer** | **X** | ✓ |
| **Stroomsterkte (Volt)** | **240** | **220** |
| **Minimum temperatuur (° Celsius)** | **–** | **30** |
| **Prys** | **R4 999,00** | **R3 999,00** |

(2 x 4) (8)

4.5.2 Die pryse van die bostaande masjiene sluit BTW in. Wat is *BTW* en hoe word dit in Suid-Afrika toegepas? (4)

4.6 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat volg:

**BRITTE KRY GROEN MASJIEN**

'n Wasmasjien wat slegs een koppie water per wassiklus gebruik, sal moontlik later vanjaar in Brittanje te koop wees. Xeros het gister verduidelik dat plastiekskyfies vuilheid en vlekke uit klere verwyder, die wasgoed droog laat en ook energieverbruik verminder. Die maatskappy beweer dat die prys van die nuwe masjien nie drasties van dié van konvensionele masjiene sal verskil nie. – Reuters

Bespreek die voordele wat die aankoop van energiebesparende wasmasjiene vir die omgewing inhou. (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN BEMARKING VAN VOEDSEL-, KLEDING- EN SAGTEMEUBLEMENT-PRODUKTE**

**VRAAG 5**

5.1 Verduidelik hoe die volgende faktore kan bydra tot die doeltreffende produksie van kwaliteit, bemarkbare produkte.

5.1.1 Beplanning (3)

5.1.2 Spesifikasies (3)

5.2 Gee VIER redes waarom die kwaliteit van grondstowwe belangrik is in die vervaardiging van produkte. (4)

5.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| |
|---|
| 'n Werkgewer is aangekla omdat hy na bewering sy werknemer beledig het. Die landdros wou by die werknemer weet waarom die saak voor die hof gebring is, terwyl daar ander prosedures is wat gevolg kon word. |

Noem die prosedures wat die werknemer kon gevolg het sonder om hom na die hof te wend. (4)

5.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| 'n Jong, beginner-entrepreneur het met 'n kleinskaalse produksiebesigheid tuis begin. Nadat sy die bank genader het vir 'n lening om aanvangsgrondstowwe te koop, het sy R5 000 ontvang op grond van die besigheidsplan wat sy voorgelê het. Die jong entrepreneur het twee werkers in diens geneem wat elk agt uur per dag gewerk het. Sy was gelukkig genoeg om die produksietoerusting by haar afgetrede pa, wat ook 'n tuisonderneming bedryf het, oor te neem.<br><br>Tydens produksie het die toerusting aanhoudend gebreek en sy het baie geld benodig vir herstelwerk. 'n Hoë verkoopprys was nodig om 'n wins te maak. Binne twee maande was die besigheid 'n las omdat daar nie 'n wins gemaak is nie. Daar was ook nie geld beskikbaar vir die werkers se lone nie en gevolglik het hulle hul werkgewer na die arbeidshof geneem. |

5.4.1 Gee DRIE redes waarom hierdie entrepreneur misluk het. (3 x 2) (6)

5.4.2 Die werknemers neem hul werkgewer met sukses na die Arbeidshof. Gee redes vir hul sukses. (4)

5.4.3 Beveel strategieë aan vir die jong entrepreneur om die volhoubaarheid van toekomstige entrepreneursondernemings te verseker. (4)

5.5 Lees die onderstaande scenario.

> Pamela het met die hulp van twee helpers 20 produkte geproduseer om by haar nuwe besigheid te verkoop. Pamela en haar helpers het drie uur geneem om die produksie te voltooi. Hulle het die produkte teen 50% wins verkoop.

| | |
|---|---|
| Grondstowwe: | R56,00 |
| Helpers se lone: | R10,00 per uur |
| Totale verpakkingskoste: | R22,00 |
| Advertensiestrooibiljette: | R1,50 per strooibiljet (30 gedruk en versprei) |
| Vervoer na verkooppunt: | R15,00 |

Gebruik die syfers om die verkoopprys van EEN produk te bepaal. Toon ALLE berekeninge. (12)

**TOTAAL AFDELING E: 40**

**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**AFDELING A**

**ANTWOORDBLAD**

| **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| **SENTRUMNOMMER:** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | |
|---|---|
| | **40** |

| **VRAAG 1.1** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.2 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.3 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.4 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.5 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.6 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.7 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.8 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.9 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.10 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.11 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.12 | A | B | C | D | (3) | |
| 1.1.13 | A | B | C | D | (3) | |
| 1.1.14 | A | B | C | D | (3) | |
| 1.1.15 | A | B | C | D | (3) | |
| | | | | **PUNTE** | **(25)** | **25** |

Kopiereg voorbehou

| **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| **SENTRUMNOMMER:** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**VRAAG 1.2**

1.2.1

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E | F | **(3)** | **3** |

1.2.2

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | **(2)** | **2** |

**VRAAG 1.3**

| | **Letter** | **Romeinse syfer** | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.3.1 | | | (2) | |
| 1.3.2 | | | (2) | |
| 1.3.3 | | | (2) | |
| 1.3.4 | | | (2) | |
| 1.3.5 | | | (2) | |
| | | **PUNTE** | **(10)** | **10** |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Kopiereg voorbehou